**Vrydag 3 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 33:1-22 (AFR19/53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 33:6**
**Hemel en aarde is uit die Vader, deur die Seun, in die Gees geskape**

In Genesis 1: 1 lees ons God het in die begin die hemel en aarde geskape. Dit is die Drie-enige God wat geskep het. Die Vader het deur die Seun in die krag van die Heilige Gees geskep.

Gelowiges kan nie anders as om 'n loflied oor God se skeppingsdaad te sing nie – soos wat in Psalm 33 gedoen word. Hierdie lofpsalm is waarskynlik in die tyd ná die ballingskap geskryf. God het weer 'n nuwe begin met sy volk gemaak.

Psalm 33 bestaan uit twee lofliedere (vs 4-11 en 12-19) en vyf belydenisse (vs 20-22). Hierin word God se grootheid besing en bely. Die Drie-enige God wat alles geskape het, is in beheer en só almagtig dat Hy die raad van nasies vernietig en die gedagtes van volke verydel. Oorwinning is nie vanweë menslike vermoëns nie. Die Here bekyk al die mense van die hemel af. Hy waak oor en red die regverdige. Loof die Here!

Ons sien God se almag in sy skepping en die bestuur daarvan. Verse 6 en 9 sê dat God geskep het deur sy Woord te spreek en te gebied. Ons lees ook in Genesis God het elke keer *gesê*, en dit het gebeur.

Die Nuwe Testament gee vir ons 'n geloofsperspektief hierop. *Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie* (Heb. 11:3).

Nog duideliker lees ons in Johannes 1:1: *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.* Jesus Christus is die Woord. *Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon* (Joh. 1: 14).

Presies hoedat die Vader deur die Seun geskep het, weet ons nie, maar ons lees in vers 6 en Genesis 1:2 dit was in die kragtige werking van die Heilige Gees. Die werking van die Heilige Gees is onontbeerlik vir die skepping en die nuwe lewe wat die regverdiges op grond van Jesus se soenverdienste ontvang.

Dit is 'n wonderlike troos wat elke gelowige kan put uit die verhouding waarin God tot sy skepping staan (eerste loflied) en die verhouding van God met sy volk (tweede loflied). Vertrou op God alleen!

*Sing: Psalm 33-1:1, 11*

*Ds. P van Wyk (Pieter) (Bronkhorstspruit)*